DEEL 117 | WEEK 30 | 25 JULIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Bek-en-klouseer tref Vrystaat

## *Boere en afslaers neem drastiese voorsorgmaatreëls*



Die Vrystaat, wat vir 'n geruime tyd vry was van bek-en-klouseer (FMD), het onlangs weer onder die loep gekom nadat twee bevestigde gevalle die provinsie getref het. Die eerste geval is ongeveer twee weke gelede in Kroonstad aangemeld, en die mees onlangse voorval het in Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit (Deneysville) voorgekom.

Volgens die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (DARD) is die bron van die uitbraak vermoedelik gekoppel aan 'n voerkrip in 'n aangrensende provinsie. Met hierdie tweede geval bring dit die totale aantal bevestigde gevalle in die Vrystaat op twee. Die betrokke plaas is onder kwarantyn geplaas, en alle plase binne 'n 10 km-radius is in kennis gestel en onder toesig geplaas.

Afslaers ondervind reeds ernstige gevolge as gevolg van die uitbreking. Bepaalde afslaers het begin om heeltemal op te hou om vee uit Deneysville te bring. Grenslyne tussen gebiede is ingestel, en die beweging van klougediertes word streng beperk soos uiteengesit in Staatskoerant Nr. 51512 van 13 Junie 2025.

Besighede soos BKB Frankfort doen alles in hul vermoë om kliënte te beskerm. Trokke word deeglik met ontsmettingsmiddels gewas – nie net voor hulle op plase aankom nie, maar ook weer daarna. Die wiele van trokke word spesifiek afgespoel, en roetes soos dié deur Deneysville word doelbewus vermy om die risiko van oordrag te verminder. Kraalbesprekings moet ook 48 uur voor veilings bevestig word, en vee mag slegs met die nodige dokumentasie soos veeverwyderingssertifikate, ID's, gesondheidsertifikate en GPS-koördinate vergesel word.

Die uitbraak het die potensiaal om vleispryse te beïnvloed. In vorige soortgelyke uitbrekings het pryse op die kort termyn gedaal weens beperkings op die beweging van vee en veilings wat gekanselleer is. Op die lang termyn kan pryse egter styg indien produksie verlaag en aanbod verminder. Dit skep onsekerheid vir beide produsente en verbruikers.

DARD bevestig dat enting van vee op besmette plase reeds begin het om verdere verspreiding te voorkom. Ondersoek en toesig in die omliggende gebiede duur voort om enige verdere kliniese gevalle op te spoor. Volgens die verklaring is geen nuwe kliniese gevalle tot op hede aangemeld nie, buiten die reeds bevestigdes.

DARD bedank boere, afslaers en die breër vleisbedryf vir hul volgehoue samewerking. Boere word aangemoedig om alle biosekuriteitsmaatreëls streng na te kom, alle nuwe vee vir 28 dae in kwarantyn te plaas en verdagte gevalle onmiddellik by hul plaaslike veearts aan te meld.

"Ons kan slegs die verspreiding van die siekte stuit as ons saamwerk,"

lui die verklaring van die Departement van Landbou.

Met besmettings reeds in Kroonstad en Deneysville, is die vraag egter nou: Hoe lank sal Heilbron die plaag kan ontduik?









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Die 24ste Julie 2025, is Internasionale self-sorg dag en die belangrikheid van selfsorg gaan in die week se insetsel bespreek word.

Selfsorg is die nuwe "buzz word" maar wat beteken dit rerig? Selfsorg is enigiets wat jy doen om vir jouself te sorg sodat jy fisies, geestelik en emosioneel gesond bly. Die kernwoord is DOEN. Dit is baie maklik om te sê ek gaan selfsorg doen, maar die moeilike aspek is om daai 1% ekstra in te sit en dit rerig te doen.

**Daar is 7 pilare van selfsorg:**

**1. Emosionele selfsorg:** Emosies verwys na mens se gevoelens en emosies -dit is om bewus te wees van jou emosies, om dit te verstaan en om dit te hanteer.

**2. Fisiese selfsorg:** Dit verwys om na jou liggaam fisies om te sien. Daar is 'n sterk konneksie tussen jou lyf en gedagtes, en 'n gesonde lyf kweek gesonde gedagtes.

**3. Omgewing selfsorg:** Om te kyk na jou omgewing waar jy bly en werk is baie belangrik. 'n Gesonde omgewing, motiveer jou om te strewe sowel as om orde te verskaf.

**4. Ontspannende selfsorg:** Met die pilaar moet jy tyd neem om net pret te hê. Hier veroorsaak jy 'n konneksie met jou innerlike kind.

**5. Sosiale selfsorg:** Jy sorg vir jouself deur om positiewe verhoudings met ander te hê. Om aktiwiteite saam vriende te doen, versterk verhoudings en gee jou meer ondersteuning.

**6. Geestelike selfsorg:** Dit is aktiwiteite wat jy doen deur om byvoorbeeld uit te reik na ander en om terug te gee aan die wat hulp nodig. Dit gee jou lewe meer betekenis.

**7. Psigise selfsorg:** Om aan flink dink aktiwiteite deel te neem, hou jou brein wakker en gesond.

**Hier is so paar praktiese wenke om jou selfsorg te verbeter:**

**Emosioneel:** • Om te verf • Speel 'n musiek instrument • Skryf iets • Maak 'n tekening.

**Fisiese:** • Gaan oefen • Eet gesonde kos soos groente en vrugte • Gaan stap • Strek daai bekommernisse uit • Vat 'n lang bad.

**Omgewing:** • Organiseer jou werkspasie • Gaan werk in 'n koffiewinkel wanneer moontlik • Sorteer ou klere uit en skenk • Maak oop die vensters en ruik die vars lug • Begin jou dag met 'n opgemaakte bed.

**Ontspanning:** • Reis saam jouself • Doen 'n pamperlang dag • Spandeer tyd in die natuur • Probeer 'n nuwe resep • Lees 'n boek in 'n rustige atmosfeer.

**Sosiaal:** • Bel 'n geliefe • Ry rond saam 'n geliefde • Spandeer tyd saam vriende • Leer 'n nuwe taal.

**Geestelik:** • Begin 'n joernaal • Beoefen diensbaarheid • Gebed • Spander tyd in die natuur.

**Psigiese:** • Skep 'n gesonde slaappatroon • Beweeg rond al is dit net om die huis • Drink gereeld water • Neem vitamines en probeer gemorskos vermy.

# DA concerned over stalled toilet project in Heilbron

*By Robert Ferendale- DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) has written to the municipal manager, F.P. Mothamaha, to urgently address the incomplete project to construct 66 toilets in Heilbron.

We are deeply concerned after conducting an oversight visit at the Xorosho Projects site in Moherepeng, Heilbron Ward 5, a project awarded to construct 66 toilets under the Municipal Infrastructure Grant (MIG). To our astonishment, there is currently no work happening on site.

It has come to our attention that the contractor abandoned the site more than a month ago due to alleged financial issues with the Ngwathe Local Municipality.

The contractor reportedly cannot proceed with the first phase of construction as they are still awaiting outstanding payments from the Municipality. This is unacceptable.

Communities should not be made to suffer due to administrative or financial incompetence.

This is a basic service delivery project that directly impacts the dignity and health of our residents. Leaving it in limbo is a gross dereliction of duty.

We are in the process of writing formally to the Director of Technical Services and the Director of Community Services to demand urgent clarity on:

• Why did the contractor leave the site?

• Why was no contingency or progress plan communicated to the community, and

• When will work resume and be completed?

The DA will not sit back while projects meant to uplift our communities are delayed due to mismanagement. We expect immediate answers and a firm commitment to resolving this crisis. Ngwathe residents deserve better.

## Neighbours unite together to fix up their street in honour of Mandela Days



*What started as a concern about our street has become a shinning example of what a united neighbours can accomplish with your time, tools,. effort, donations and most importantly your heart. Community members came together and transformed a neglected road into a safe, smooth and beautiful porth for everyone. This wasn't just about fixing a street, it was about showing what's possible when we care, connect and collaborate. Whether you helped showed gravel, provided refreshments, donated materials or simply showed up with your encouragement, your contribution Mattered.*

# UIT DIE PEN: Week 30

Julle onthou mos nog van my af been? Die storie het op 1 Mei 2024 begin. Op 3 Mei moes ek 'n plaatjie en handevol skroewe gekry. (Selfs die dokters het probeer om die los skroewe vas te draai, maar hulle was nie suksesvol nie. Sommer net my eie simpel grappie.)

Iedergeval het ek die beste tyd van drie maande gesukkel om weer aan die loop te kom. Dit was die moeilikste om weer trappe te klim, want ek kon ewe skielik nie meer onthou presies hoe dit gedoen moet word nie. Die sinnetjie wat ek geleer was was: "The good leg goes to heaven and the bad leg goes to hell" en ek het dae gewonder presies wat dit beteken.

Want wanneer ek myself kom kry, het ek met die seer been eerste geloop in plaas van die gesonde een. Dit was 'n stryd om die krukke en die links en die regs in pas te kry. Ek het videos op YouTube gekyk om te oefen om trappe met my seer been uit te klim. Maar nie een van die mense op die video het seer nie, daarom doen hulle alles met 'n groot glimlag en seepglad.

My skoonma het gevra wanneer ek nou eendag regkom, want my skoonpa het ook 'n soortgelyke fraktuur gehad en hy was binne minute (seker darem nie regtig nie) weer op die been.

Dis wat ek nie kon wees nie: op die been.

In Desember begin die seer been by my voet opswel en rooi word. Dr George was doodbekommerd en het dadelik iets vir infeksie voorgeskryf. En ek moes hom bel wanneer ek sleg voel. Wat toe nooit gebeur het nie.

Nietemin is die plaatjie en die handevol skroewe uitgehaal en ek het weer vir vier weke in die maanstewel deurgebring. Hierdie keer was ek oorgehaal: ek gaan nie weer so lank sukkel om geloop te kry nie. Gou-gou was ek weer mobiel. Steeds met 'n effense hink in my pink.

Elke twee maande na die ortopeed toe, X-strale, Dexa-skandering. Alles wys dat my regterkant osteoporose ontwikkel het. As jy osteoporose het, moet jy emmers vol kalsium drink. Daar is ook 'n ander duur pilletjie wat jy een keer per week moet inkry. Op 'n leë maag (is daar ooit 'n tyd wat my maag leeg is, wonder ek) en ek mag eers twee ure daarna iets anders as water drink. Mag ook nie gaan lê nie, want die pil mag nie weer terugstoot uit my maag nie. Het ek gesê dat die pilletjie redelik duur is?

Ek mag nie my sooibrandpilletjie drink terwyl ek kalsiumaanvullings neem nie, want dit inhibeer die absorpsie van kalsium. Dit was my gryse ou pa wat altyd gesê het dat die Swanepoels se sooibrand sò erg is dat selfs 'n hond kan haar-af gaan wanneer jy op hom spoeg. En as my pa dit gesê het, neem ek aan dit is die waarheid.

Dan be-bodder die groot hoeveelheid kalsium ook sommer ander spysverteringsfunksies ook. Maar laat ek julle nie daarmee verveel nie.

Die kort en die lank is dat die beenweefsel nie groei nie.

Verlede week het ek weereens 'n draai in die operasieteater gemaak. Die ortopeed het 'n biopsie van my weefsel in my enkel geneem om uit te vind waar die probleem lê.

Verlede jaar in Meimaand het ek myself mos tot binne-in die teater gehuil. Meestal omdat ek nie ordentlike slaapklere (hos-pi-taal slaapklere) het nie, maar ook omdat ek vrek bang was.

Hierdie keer het ek slaapklere. Maar ek het 'n versoek gehad: ek wil my eie musiek kies wat in die teater moet speel. Bohemian Rhapsody van Queen, asseblief.

Ortopeed sê dis reg, hy sit dit solank op die speellys.

Ek boek in en ortopeed kom skryf met 'n dik, swart *koki-pen* op my been, sodat hy darem onthou watter been seer is.

Die vriendelike portier vat my na die ontvangsarea van die teater, waar ek met die pragtige *ontwerpersjakkie* moet lê totdat ek in die teater ingestoot word. Ek verstaan weereens waar die term "ICU" vandaankom. Met daardie simpel *ontwerpersjakkie* is jou hele agterstewe oop terwyl almal na jou staar. *They see me*, amper soos ICU.

Die narkotiseur kom spalk my oop, een arm hierdie kant, naald in, ander arm aan die ander kant met die bloeddrukding op.

So: waar is die musiek, vra ek?

Die ortopeed probeer die musiek kry. Intussen fluister die narkotiseur *sweet nothings* in my oor, maar ek onthou wat hy sê: jou kop gaan so bietjie draai.

Ek vra waar die musiek is? Ek begin ek sommer op my eie Bohemian Rhapsody sing, so onder die suurstofmasker uit, met my kop wat draai:

*"Is this the real life? Is this just fantasy?*

*Caught in a landslide, no escape from reality"*

En toe slaap ek.

Ek word wakker die toe suster my wakker maak. "Welkom terug" sê sy. Sy lyk bly om my te sien. Ek wikkel my tone en voel dat die seer been weereens in 'n maanstewel is. Ek kom gou agter na watter kant ek nié moet wikkel nie, want dis bietjie seer.

Terug in die saal kom sê die ortopeed wat tydens die biopsie gebeur het. En dat ek hom oor twee weke moet kom sien.

"Die musiek?" vra ek.

Hy kon nie die WiFi aan die gang kry nie en ongelukkig moes hulle toe ander musiek speel.

"Jy het darem na Theuns Jordaan geluister terwyl ek oopgesny het."

O, my aarde, dog ek, ek hoop net nie hulle het "Soos Bloed" gespeel nie.

NS: ek is nog in die maanstewel en ek is okay. Ek loop weliswaar soos 'n padda. Ek sal volgende Maandag hoor wat die uitslae is.

# BOERETREAT

# 2 AUGUSTUS 2025

**FONDSE GAAN NA VERSKEIE LIEFDADIGHEIDSORGANISASIES IN DIE GEMEENSKAP**

INGANGSFOOIE:
VOLWASSENE – R150
HOËRSKOOLKIND – R100
PENSIONARISSE 65+ – R100
LAERSKOOLKIND – R50
VOORSKOOL – GRATIS

HEKKE OPEN: 08:00
STALLETJIES OPEN: 10:00

VEILING ITEMS:
2 JAGTE (THABAZIMBI & LIMPOPO)
RUGBY MEMORABILIA
JOHN DEERE KROEG YSKAS
CASE KROEG YSKAS
JAGERMEISTER KROEG YSKAS
SPRINGBOK YSKAS
2 SKAAP KARKASTE
YSMAKERS
FIRE PIT

TOUTREK
KASKARRESIES
PRETPARK
ROFSTOEI
TEETUIN
BOEREMARK
KOSSTALLETJIES
VEILING
FEAR FACTOR
STERKMAN KOMPETISIE

08:00: HEKKE OPEN
08:00 - 13:00: HOKKIE, TOUCH RUGBY, NETBAL
09:00: GHOLF - REGISTRASIES (IVECO VERHOOG)
09:30: OPENING BY DIE IVECO STAGE
10:00: SHOTGUN AFSLAAN, MARK OPEN & KINDERVERMAAK
12:00 - 13:00: TOUTREK
13:00 - 15:00: FOOD FEAR FACTOR
13:00 - 15:00: STERKMAN KOMPETISIE & BOERESPORT
14:00: ROFSTOEI
15:30 - 17:00: KASKARRESIES
17:00 - 17:30: GHOLF PRYSUITDELING
17:30 - 18:30: SAMANTHA LEONARD
18:30 - 19:15: VEILING
19:15 - 20:15: GERHARD STEYN
20:15 - 21:15: JUANITA DU PLESSIS
21:15 - 22:15: ROOKSEIN
22:15 - 23:30: MUSIEK IN AGTERGROND
23:00: KAARTJIE VERKOPE SLUIT
23:30: KROEG SLUIT




www.boeretreat.co.za

IVECO | VKB | PIONEER | PANNAR

# BY HOËRSKOOL HEILBRON

# NAVRAE

JOLANDRI: 079 846 1075 | boeretreat@heilbron.co.za

/heilbronboeretreat /heilbronboeretreat




# Eskom Lethabo Power Station Celebrates Mandela Day with the Heilbron Community

Eskom's Lethabo Power Station marked Mandela Day 2025 in a heartwarming and impactful way by giving back to the community of Heilbron in the Free State.

The day began with a vibrant Career Open Day held at the Sandersville Community Centre. Youth from the area had the opportunity to learn about career prospects at Eskom and gain insight into the company's corporate social responsibility initiatives. In a spirit of generosity, Eskom handed out over 300 care packs to attendees, which included party packs for children, dignity packs for young girls, and shoes. Senior citizens were also honoured with warm, cozy blankets.

The celebration didn't stop there. Eskom representatives visited Katlego Crèche, where children were treated to party packs, delicious cakes, and a generous donation of new furniture – bringing smiles and excitement to the little ones.

Through this meaningful initiative, Eskom Lethabo Power Station not only celebrated the legacy of Nelson Mandela but also demonstrated a sincere commitment to uplifting and empowering local communities.





Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald. Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

**Vakante Betrekking Heilbron**

CH Tombstones & Granite Works

Ons dinamiese en groeiende maatskappy is op soek na 'n goed georganiseerde en energieke **Verkoopspersoon en Kantoorkoördineerder** om administratiewe en logistieke ondersteuning te bied aan ons span. Hierdie is 'n uitstekende geleentheid vir iemand wat uitblink in "multitasking" en kliëntediens.

**Pligte en verantwoordelikhede:**
- Koördinering van daaglikse verkope/kliënte en kantoorbedrywighede.
- Hantering van inkomende oproepe en kliënte.
- Verslagdoening en basiese boekhouding.
- Ondersteuning aan verskeie afdelings binne die maatskappy.
- Voltydse/voldag pos.

**Vereistes:**
- Matrieksertifikaat (Nationale Senior Sertifikaat).
- Administratiewe- en verkoopsondervinding van minstens 3 jaar.
- Goeie rekenaarvaardighede (SAGE en Excel).
- Vlot in Afrikaans en Engels (skryf, lees en praat).
- Uitstekende kommunikasie- en organisasievaardighede.
- Probleemoplossingsvermoë en selfgemotiveerd.
- Netjies, vriendelik en stiptelik.

**Wat ons bied:**
- Mededingende salaris (sal bespreek word tydens onderhoud).
- Positiewe en ondersteunende werksomgewing.
- Geleenthede vir groei en ontwikkeling.

E-pos asseblief volledige CV na admin@chtombstones.co.za
Vir enige navrae kontak: 082 318 8200 - Aansoeke sluit 6 Augustus 2025

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 19 Julie 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos. Die wen duif is om 15:12 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 531 kilometers. 7 Lede en 224 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3, 2. Morgenzon Lofts B, 3. Morgenzon Lofts A, 4. Morgenzon Lofts B, 5. Morgenzon Lofts A, 6. Morgenzon Lofts A, 7. Morgenzon Lofts A, 8. Morgenzon Lofts A, 9. Morgenzon Lofts B, 10. Morgenzon Lofts A.

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Hanover dit is dan die Jaaroud Kampioenskap vlug.



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif 3329. Dit is Spartan Pigeons 3 se derde wen vir die seisoen.*




**UITNODIGING VIR TENDERS OM TE KOOP**

**Droëland- & Weidingsplaas**

DIE PLAAS BERGENDAL 711, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

RESTANT VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

Geleë in die area tussen Petrus Steyn en Tweeling
Koördinate: 27°37'9.46"S, 28°19'52.88"E

SLUITINGSDATUM: 7 AUGUSTUS 2025 OM 15:00

TENDERDOKUMENTASIE KAN AANGEVRA WORD BY:

058 863 2884
bligwes07@gmail.com

VERDERE NAVRAE KAN GERIG WORD AAN:
THINUS BLIGNAUT - 083 627 0141

BLIGNAUT & WESSELS

bligwes07@gmail.com
058 863 2884/5
SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810

**BESIGHEIDSURE**

MAANDAE - VRYDAE:
08:00 -16:30

SATERDAE:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006



# SMALLS

# DIENSTE




**SKENK BLOED IN HEILBRON**
**Date:** Dinsdag, 29 Julie 2025
**Venue:** NG Suid Kerksaal
**Time:** 13:00 – 19:00

sanbs.org.za



*Groot verskeidenheid notaboeke beskikbaar.*

Elsstraat 44 | Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## HEILBRON HERALD

WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

## JAARBEPLANNER 2025

AUGUSTUS
• 1 Aug. - BoereTreat Gholf
• 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
• 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

SEPTEMBER
• 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

OKTOBER
• 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

NOVEMBER
• 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

## DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

**WINKELURE**
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

## TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**







**ELSSTRAAT 44 | HEILBRON**
**TEL: 058 852 3033**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026. Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Elsstraat 44 • Heilbron - Tel: 058 852 3033



## YOU THINK IT - WE PRINT IT
## YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald

## DELIVERY & COLLECTION
## between Heilbron and Vaal Triangle
## Monday, Wednesday and Friday

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078




**Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel**

# HERALD Sport

## Heilbron Rolbalklub presteer met trots by NV pare kampioenskappe

Die Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek rede gehad om trots te wees toe twee van hul lede, Sonja Muller en Hannalie Claassen, 'n goue oorwinning behaal het tydens die pare-kompetisie wat by KBC aangebied is. Hierdie prestasie is 'n weerspieëling van die toewyding en harde werk wat hul in hul spel insit.

Verder het verskeie lede van die klub die eer gehad om genooi te word om aan die Noord-Vrystaat (NFS) Masters deel te neem die 2de en 3de Augustus in Welkom. Dit sluit in: Johnnie Fourie, Jurie Jonker, RJ Muller, Tracy Jacobs, Ellie van Coller, sowel as Sonja Muller en Hannalie Claassen. Die klub wens al hierdie spelers geluk en sien uit na hul deelname aan die NFS Masters. Hierdie uitnodigings en prestasies dra by tot die groei van rolbal in Heilbron en motiveer ander spelers om hul beste te gee.



*Op die foto vl: Sonja Muller en Hannalie Claassen.*


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 28 JULIE 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 29 JULIE 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
BELFAST: GELDENHUYS BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Spitskop
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WOENSDAG - 30 JULIE 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BLOEMFONTEIN: NASIONALE LANDSKAAP VEILING
11:00, BKB Kleinvee Kompleks Bloemskou
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DONDERDAG - 31 JULIE 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
NYLSTROOM Twee-weeklikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 069 972 3808
VREDE: KEEVERSFONTEIN ROOI BRANGUS STOET
11:00, plaas Alto Roadside/Vrede
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

VRYDAG - 1 AUGUSTUS 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FOURIESBURG: ZINABOS BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, Fouriesburg
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

SATERDAG - 2 AUGUSTUS 2025
KLERKSDORP/WOLMARANSSTAD: OVERVAAL ILE DE FRANCE KLUBVEILING
11:00, Bona Bona (langs N12)
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za














